KWARTAAL 1 I 2024

NICO NUUS

HOËRSKOOL NICO MALAN SE AMPTELIKE NUUSBRIEF

OPSOMMING:

- Vanuit die skoolhoof se kantoor
- Klaskamernuus
- Sportnuus
- Ander sake

VANUIT DIE SKOOLHOOF SE KANTOOR

"Die faktor wat die grootste invloed op 'n kind se vorming het, is die soort gesprekke wat in die ouerhuis met en voor jou kind gevoer word." - William Temple 1881 - 1944

Met dié woorde wil ek almal herinner watter groot taak en verantwoordelikheid ons almal het met die opvoeding van kinders. Baie dankie vir soveel positiewe ouers en ondersteuning wat ons hierdie kwartaal ontvang het. Ons maak staat op elkeen van u, maar vra ook dat u almal ook asseblief u finansiële verantwoordelikheid sal nakom om te verseker dat ons alle aktiwiteite by die skool met sukses kan afhandel.

Leerderaangeleenthede:
Ons is deeglik bewus van die besige program wat die skool aanbied. Maak egter seker u kind het 'n gebalanseerde lading en spandeer genoeg tyd aan akademie om sy volle potensiaal te bereik.

Personeelaangeleenthede:

Die volgende personeel tree af aan die einde van die 2de kwartaal: mnr. Cassie Carstens en mev. Marcha Lombard. Ons gaan die jare se ondervinding en kennis wat verlore gaan werklik mis. Albei is legendes in hulle eie reg.

Infrastruktuur:
Na baie stof en geduld is die opgradering van die administrasiekantore, personeelkamer en voorportaal van die skool afgehandel. Ons bedank almal wat opofferings moes maak met die tydelike oplossings.

Administrasie:
Die nuwe administratiewe stelsel gekoppel aan die D6-program maak dit moontlik om rapporte aan ouers te e-pos. Maak asseblief seker u het die "D6 Connect"-toepassing op u selfoon afgelaai en dat u e-pos-besonderhede by die skool korrek is. Wis ook asseblief die ou D6-toepassing op u foon uit. Met die oorgang is kommentare op die rapport beperk tot ouers wat ons graag by die oueraand wil sien, maar dit sal vanaf volgende kwartaal weer volledig wees.

Geniet die kort vakansie saam met u kind.

NICO - GROETE

F.J. LÖTZ

"Elke woord en daad van 'n ouer is 'n draadjie waarmee die karakter van 'n kind geweef word; en dit gaan bepaal hoe daardie kind ingeweef sal word in die samelewing." - David Wilkerson

KLASKAMER-NUUS

PROMOSIE KRITERIA:

Deurlopende assessering vereis dat leerders konstant deur die jaar moet werk. Die gewig van die Junie- en Desember-eksamen speel 'n groot rol in die sukses van 'n leerder se akademiese prestasies.

Graad 8 - 9:
Deurlopende assessering tot en met September tel 60 % van die jaarpunt met die Junie-eksamen wat die grootste gewig dra. Die November-eksamen tel 40 % van die finale promosiepunt.

Graad 10 - 11:
Deurlopende assessering tot en met September tel 40 % van die jaarpunt met die Junie-eksamen wat die grootste gewig dra. Die November-eksamen tel 60 % van die finale promosiepunt.

Graad 12:
Deurlopende assessering tot September tel 25 % van die jaarpunt met die Junie-eksamen wat die grootste gewig dra. Die November-eksamen tel 75 %.

Neem asseblief kennis dat u kind nie moet dink hy/sy slaag as gevolg van kwartaal 1 en kwartaal 3 se punte nie. Hy/sy moet deurlopend werk.

Ons ondervind ook dat baie leerders se lees- en luistervaardighede beperk is. U kan werklik help deur betrokke te raak by u kind op die volgende wyse:

- Laat u kind 'n paragraaf of leesstuk lees en vra daarna vir u kind 'n paar vrae oor die inhoud.
- Lees vir u kind 'n stuk hardop voor en laat u kind aandagtig luister. Vra daarna 'n paar vrae oor dit wat u kind kan onthou.

Deur hierdie twee eenvoudige metodes kan u dalk bydra tot u kind se verbeterde lees- en luistervaardighede wat uiters noodsaaklik is vir suksesvolle leer.

Leerders moet elke middag tyd spandeer aan tuiswerk sowel as nuwe werk wat in die klas gedoen is.

Ongelukkig het die skool nie drukfasiliteite vir leerders se take nie. Indien take op 'n rekenaar gedoen word, moet u asseblief 'n harde kopie laat druk vir inhandiging by die skool. Leerders mag handgeskrewe take inhandig.

SLAAGVEREISTES:

Graad 8 - 9:
Huistaal: 50 %
Eerste Addisionele Taal: 40 %
Wiskunde: 40 %
Enige ander 3 vakke: 40 %
Enige ander 2 vakke: 30 %

Graad 10 - 12:
Huistaal: 40 %
Enige ander 2 vakke: 40 %
Enige ander 3 vakke: 30 %

Eksamen: 14 Mei - 10 Junie

VAKVERANDERINGS:

Vakveranderings vir graad 10 kan tot en met 7 Mei 2024 gedoen word. Maak asseblief seker dat u 'n ingeligte besluit in belang van u kind neem. **Geen verdere vakveranderings word vir graad 11 en 12 toegelaat nie.**

OUERAAND:

Oueraand vind op Dinsdag, 9 April 2024, plaas. Woon dit by!

HANDBOEKE:

Handboeke wat by die skool gehuur word, moet asseblief in 'n goeie toestand gehou word. Indien so 'n boek wegraak of in 'n swak toestand ingehandig word, gaan u vir die vervangingswaarde van die handboek verantwoordelik wees.

Die skool heropen op Woensdag, 3 April 2024, om 07:30 met dag 1 van die rooster.

SPORT-NUUS

HOËRSKOOL NICO MALAN SE LEERDERS LEWER UITMUNTENDE PRESTASIES OP VELE TERREINE. 'N WOORD VAN GELUKWENSING AAN AL ONS PRESTEERDERS. DANK AAN DIE OUERS EN AFRIGTERS VIR HULLE ONDERSTEUNING.

ATLETIEK:



Hartlik geluk aan die volgende atlete:

Ons het met die twee byeenkomste (OP-kampioenskap en OP-skole) 10 GOUD, 8 SILWER en 12 BRONS medaljes verower.

Ané de Lange, Bryan Katoo en Cindy Strydom breek ook die OP-skole rekords.

Ons is baie trots op 7 van ons atlete: Ané de Lange, De-Ané Erasmus, Bryan Katoo, MJ Marks, Joshua Napoleon, Cindy Strydom en Kobus Strydom wat aan die ASA- en SA skole-byeenkomste in Pretoria en Paarl gaan deelneem.

SKAAK:

Tydens die interprovinsiale-toernooi in Desember 2023 is Cayline Carolus gekies vir die OP-Skaakspan vir 2024 wat 3 - 5 Mei by nasionaal in Rustenburg deelneem.

TENNIS:

Ons is trots op die leerders wat ingesluit is in die volgende Oos-Kaapspanne:

ITP o/19-span:
Elandré van Loggerenberg en Dawid Vermaak

OP-Synergyspan:
o/19 A
Jayden Olivier, Chrisna Sterley en Lianca Rose
o/15 A
Reghardt Conradie en Nadia Dreyer
o/19 B
Uné Bezuidenhout, Naruschka Conradie en JM Pieterse

OP-TWEEKAMP

Ons is trots op Steffan Rademeyer wat weer vir OP-Tweekamp gekies is om Maart 2024 deel te neem aan die o/19 Suid-Afrikaanse kampioenskappe, te Bloemfontein. Steffan neem sedert graad 8 aan al die SA-kampioenskappe deel.



GHOLF:

Nico Lourens is gekies vir die OP o/17A-ITP gholfspan wat die Oostelike Provinsie vanaf 19 tot 22 Maart by die Katberg Gholfklub gaan verteenwoordig. Nico is ook verkies as die kaptein van die span.

Deel asb u kind se prestasies met ons.

Onthou om ons op Facebook, Instagram en YouTube te volg.

ANDER SAKE

ALGEMEEN:

SELFONE:

Geen selfoongebruik word toegelaat op die skoolgronde tot 14:00 nie. Dit is 'n vlak B-oortreding: selfone word by die kantoor ingegee tot die einde van die dag en die leerder kry onmiddellik 'n detensie.

SKOOLGELD:

Hiermee doen ons 'n beroep op ouers om asseblief skoolfooie op datum te hou. Nico Malan ontvang geen ekstra subsidie van die departement bo en behalwe die R 200 per jaar per kind nie. Kwytskeldings wat toegestaan word, word ook nie deur die departement terugbetaal nie. U skoolfooie is ongelooflik belangrik vir Nico Malan se volhoubaarheid.

KLEREDRAG:

Skoolbaadjies, met formele skooldrag, is op Vrydae verpligtend. Dit geld vir kwartaal 1 tot 4. Leerders kan Maandag tot Donderdag formele óf informele skooldrag dra. Wanneer leerders LO-sport op hul rooster het, mag hulle skoolsweetpakke en tekkies skool toe dra.

HERINNERING:

Leerders mag nie buitemuurse aktiwiteite in die middae bywoon as hulle afwesig was in die oggend nie. Indien hulle Vrydae afwesig is, mag hulle nie Saterdae deelneem nie.

Bloedskenkprefekte

BLOEDSKENK:

Nico Malan is hierdie jaar by die SANBS prysuitdeling vereer vir ons bydrae tot die bloedbank. Baie dankie aan elke leerder en onderwyser wat hierdie skenkings moontlik maak.

INIKOLLIGFEES:

IniKollig Kunstefees het 18 en 19 Maart plaasgevind, Dankie aan almal wat die geleentheid ondersteun het.

Onthou om ons op Facebook, Instagram en YouTube te volg.

ANDER SAKE

Voorlopige kwartaalprogram aangeheg, hou sms/D6 dop indien daar veranderinge is. Kyk asseblief weekliks op Facebook, Instagram en D6 vir volledige terugvoer oor uitslae.

@NICO:

Dankie vir jul ondersteuning! Pryslys op D6 beskikbaar.

@Nico Klerewinkel se ure:
Maandag, Woensdag, Donderdag:
11:30 - 14:30
Vrydag:
11:30 - 13:30

FONDSINSAMELING:

Ons gholfdag is op 3 Februarie by die St Francis Links gehou. Dit was 'n lekker somers-, windstildag met 104 gholfspelers op die baan. Dankie aan al ons borge en spelers wat hierdie geleentheid 'n reuse sukses en 'n hoogtepunt op ons kalender gemaak het.

FACEBOOK:

Skandeer my, ek vertel alles wat jy behoort te weet.

MYSCHOOL:

Met MySchool help u die skool om maandelikse fondse te genereer.
Ons vra ons ouers en ondersteuners om asb. Hoërskool Nico Malan as begunstigde op u **Woolworths MySchool MyVillage MyPlanet** kaart te maak.

Registreer hier indien u nog nie 'n kaart het nie,

ADVERTENSIES:

Daar is verskeie advertensiegeleenthede beskikbaar. Kontak asseblief ons bemarker, Stephanie Nel: marketing@nicomalan.co.za

ONDERSTEUNERS:

Klik op die volgende skakel om by ons WhatsApp-inligtingsgroep aan te sluit.

Onthou om ons op Facebook, Instagram en YouTube te volg.

ONDERSTEUNERSKLUB

KENNIS VERLIG

Die grondslag van jou lewensreis.

IN MEMORIAM

Ons innige meegevoel met die families van twee van ons eie Nico Malanners.

CHERISE DELPORT

2007 - 2024

MARI VAN KAMPEN

2009 - 2024

Psalm 16:5-6
Here, U is my lewe, U sorg vir my.
Wat ek ontvang, kom alles van U af. 'n
Pragtige deel is vir my afgemeet, ja,
wat ek ontvang het, is vir my mooi.

KENNIS VERLIG